Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 21 van 2019

26 Mei 2019

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Eenvoud te midde van brandende dekodeerders, kerklike kopstampe, en politieke planne

Die lewe gebeur vinnig en vreemd! Dit is nou die in-ding om dekodeerders te verbrand; kerklike armdruksessies te hou, en om politieke munt te slaan uit enigiets. Hoe dink jy oor dit alles? Moet jy saamroei? Moet jy uit die pad staan? En uit wie se pad? Want om hier uit die pad te staan, maak dat jy alweer daar in iemand anders se pad beland. Die lewe is nie eenvoudig nie. Of dalk is dit. Dalk is daar tog 'n stukkie eenvoud te vind te midde van al die ingewikkeldheid van die lewe. Eenvoud is nie om al die moeilike vrae en dinge waarmee mense worstel te systap nie. Inteendeel. Gesonde eenvoud het egter te make met 'n paar basiese boustene:

• Eenvoud is om te weet wie ekself is en waarvoor God my op die aarde geplaas het. Dit bring 'n diep innerlike vrede binne in my.
• Eenvoud is om nie alles vir almal te probeer wees nie. Ek is wie ek is. Ek het wel 'n paar talente by die Here ontvang waarmee ek ander mense op unieke maniere dien. Dit doen ek graag op my eie maniere. Ek is nie 'n kloon van enigiemand anders nie.
• Eenvoud is om nie 'n opinie of 'n mening oor alles te moet hê nie. Ek neem nie deel aan elke debat of gesprek nie. Wysheid is om soms net stil te bly soos wat Spreuke my leer. Ek hoef nie elke keer reg te probeer wees nie. Of gehoor te moet word nie.
• Eenvoud is om nie agterna te praat wat almal sê, glo en dink nie, maar om self by die essensie van dinge uit te kom. Dit is om vars en kreatief te dink en te praat. Wanneer ek my eie stem vind wat God vir my gegee het, is die lewe regtig eenvoudiger… al is die res s'n kompleks.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Louise van Zyl-sy het 'n groot rugoperasie gehad
- Bid asb vir Suzette Fourie-vir volle genesing
- Bid asb vir Fred Venter-vir volle genesing
- Bid asb vir Dewald Barckhuiizen-het rugoperasie gehad
- Bid asb vir Judy Roux – vir spoedige herstel na beroerte

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***..

- Ons is lief vir U!



Gedagte vir die week



Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
VP Congregation English Service @ 11:00 every Sunday		
26 Mei 2019	Huweliks-en-Gesinsdienste	
02-06 Jun 2019	Pinkster @18:00 elke aand	
09 Jun 2019	Huweliks-en-Gesinsdienste	

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.